

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Februarie 2010 **Nommer 86**

INHOUDS OPGAWE

Genesing van twyfel

...1

Jou geloof verloor

...2

Die plek van seksuele opvoeding en die jong kind (1)

...3

Hantering van kritiek

...6

Genesing van twyfel

AN Hendriks

Twyfel word tereg 'n komplekse werklikheid genoem. Dit kan homself in vele vorms voordoen. Jong mense op die pad van volwasse-ording kan twyfel aan die waarheid van God se Woord. Gelowige kinders van God kan deur skokkende lewenservarings bangmakende twyfelvrae begin vra. Die wêreldnuus kan die vraag laat opkom: hoekom laat God dit alles toe? Sien God die onreg raak?

Hoe die twyfel ook al by ons voorkom, ons moet dit as ongeloof en sonde bly sien - sonde waarmee ons ons hemelse Vader hartseer maak. Daarmee saam moet ons nie vergeet dat twyfel 'n koppige parasiet is, nie. Diegene wat hom verdring, kry later op 'n baie ongeleë tydstip tog weer met hom te make. Twyfel word nie oorwin deur dit te verdring nie, maar deur daarmee na die Here Jesus te gaan. Hy is ook die groot Heelmeester vir hierdie kwaal!

Dit word baie duidelik aan ons verkondig in die geskiedenis van die besete jong man (vergelyk Markus 9:14 e.v.). Die seun se pa soek hulp by die Here Jesus, maar dit is 'n vraag na hulp met voorbehoud. Hy sê immers: *'Maar as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons.'* Die man weet nie of Jesus iets kan doen nie, maar dit is die moeite werd om tog te probeer. Sy vraag na hulp getuig van sy twyfel, van sy ongeloof.

Die Heiland draai die saak volledig om. Die vraag is nie of Jesus iets kan doen nie, maar of hierdie vader gló dat Jesus alle dinge kan doen. Die uitwerking van Christus se woorde is verrassend! Daardie antwoord breek die pa se reserwes stukkend. Hy vlug gebroke na die Heiland toe en sê: *'Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!'* Die man praat nie meer oor die genesing van sy kind nie, maar oor sy eie 'ongeloof'. Jesus moet hom daarin help. Hy moet daarvan verlos word. Hy glo dat Jesus wat dít betref, hom daarmee kan help.

Die man besef hoe gebrekkig sy vertrouwe in Jesus nog is. Hy het sy voorbehoud van so pas nog nie

vergeet nie. Hy weet van sy twyfel. Maar hy vlug met al die onvolkomene en verkeerde na die Here Jesus toe, om deur Hom genees te word. Wat hierdie vader gedoen het, moet ons ook doen wanneer twyfel die rus uit ons hart wegneem. Ons moet die twyfel nie verdring nie, maar as sonde voor die Here bely. Tegelykertyd moet ons bid dat die Here Jesus ons te hulp sal kom in ons ongelooft. Die Skrif staan vol daarvan dat die Here naby is aan almal wat Hom aanroep (Psalm 145:18) en dat Hy ons wil red in die dae van benoudheid (Psalm 50:15). Langs die pad van hierdie beloftes mag ons na die groot Heelmeester gaan, om deur Hom in ons ongelooft gehelp te word.

Juis as ons twyfel, het ons die hulp van die Here Jesus nodig

Wie twyfel, is gou geneig om maar nie meer te bid nie. Maar daarmee sny ons berekend die weg af om van die twyfel genees te word! Juis as ons twyfel, het ons die hulp van die Here Jesus nodig. Hy alleen dan deur sy Woord en Gees die twyfel oorwin.

Ware geloof is 'n *gawe* van God (Efesiërs 2:8). Dit is die Heilige Gees wat dit in ons werk (1 Korintiërs 12:3). Daarom moet ons met ons twyfel na Christus en sy Gees toe gaan. Twyfel word nie deur redenasies weggeneem nie, maar twyfel word deur die kragtige werking van Christus se Gees oorwin. Die Gees, Hy lê die Woord in ons hart en maak ons seker van wat die Here sê. Die Gees, Hy laat ons roem in God en die onfeilbare Woord van God prys. Vir hierdie werk van Christus se Gees mag ons bid in die wete dat die Here Jesus ons Heelmeester wil wees!

Jou geloof verloor

K Harmannij

Ons is sulke swak mense dat ons gereeld ons geloof as 't ware verloor. Kleingelowiges. Dit beteken nie dat ons geloof op sulke oomblikke slegs flouerig brand nie, maar dit is eenvoudig vir 'n tydjie nie daar nie. Die geloof is weg.

Dit is byvoorbeeld die oomblikke wanneer ons Christus bietjie links laat le om te doen waarvoor ons self lus is. Die oomblikke wanneer ons groot twyfels het in die bestaan van 'n God soos Hy in die Bybel aan ons geteken word. Of die oomblikke van swaarmoedigheid waarin ons die idee koester dat God ons nie meer wil he nie.

Ek is van mening dat ons in sulke gevalle eerlik moet se: die geloof is weg. Dit is vir my beter as wanneer mense byvoorbeeld die volgende goedbedoelde trooswoorde se: 'Jou geloof is nog daar, jy voel dit net nie, jy beleef net nie jou geloof nie'. Want wat beteken so 'n opmerking vir my? Hulle se dat ek nog glo. Hoe weet hulle dit? Ek ervaar dan self niks daarvan nie!

Dan gee die gereformeerde belydenis (Heidelbergse Kategismus Sondag 23 en Dordtse Leerreels V) my meer troos. Hulle leer my om nie op my eie geloof te vertrou nie. Hulle leer my eerder om in geloof op God se genade te vertrou. God, wat sondaars terugroep. God, wat sy uitverkorenes nie laat verlore gaan nie. God, wat ongelowiges tot orde roep deur die onweerstaanbare krag van sy Heilige Gees.

Troos

Dit lyk vir my na die beste troos vir mense wat in 'n depressiewe bui God nie meer raaksien nie. Vertel maar vir hulle dat God hulle nog steeds raaksien. Vertel maar vir hulle dat jy dit wel glo. Vertel maar vir hulle dat jy nie glo in hulle geloof nie, maar dat jy glo in 'n God wat sterker is as ons ongelooft.

As jy naamlik sou se: 'Ag, jy voel dit miskien nie so nie, maar jou geloof is wel eg', dan ontnem jy sulke mense die steun van die geloof. Dit lyk dan immers asof jy kan glo, sonder om iets daarvan te voel.

Wie nie dien nie, roof

- M Luther

Heeltemaal waardeloos, so 'n geloof!

Nee, wees dan maar eerlik: 'Jy se dat jy nie glo nie? Dan sal dit seker waar wees. Laat ons God dus aanroep, dat Hy die geloof weer aan jou sal teruggee'. Want ons God is tog so? Ons weet tog dat Jesus die verlore nes opsoek?

Vermaan

Dit lyk vir my ook na die beste vermaning vir mense wat in 'n sondige bui God bietjie wil vergeet. Moet asseblief nie aan hulle vertel dat hulle erens tog nog glo nie. Want 'n mens kan dit dan aan niks raaksien nie! Vertel liewer aan hulle dat God hulle nie vergeet nie. En Hy roep hulle. Om hul te bekeer en gelowig aan Hom te onderwerp.

Dit leer my om nie op my eie geloof te vertrou nie. Dit leer my eerder om in geloof op God se genade te vertrou

As jy naamlik sou se: 'Dit blyk nou wel nie uit jou daade nie, maar ek weet dat jy glo', dan ondersteun jy sulke mense in hul goddelose lewensstyl. Dit lyk dan immers asof sonde ongevaarlik is: jou geloof kan rustig so bly voortbestaan. In werklikheid hoef daar nie regtig iets te verander nie.

Nee, wees maar eerlik: 'Jy se jy glo? Dit moet jy dan ook sigbaar maak, want soos jy nou leef, dink ek nie dat God jou glo nie'.

Dit lyk ook vir my die beste dat ons dit aan onself kan voorhou in tye van twyfel. Nie die goedkoop troos van 'Ag, almal twyfel wel 'n slag; twyfel hoort by 'n lewendige geloof', nie. Want van die lewendige geloof sien ek eintlik maar min. Maar van die twyfel sien ek juis baie!

Wees dus maar eerlik met jouself: die twyfels kan jou geloof stukkend maak. En jy kan nooit op eie krag bo hierdie twyfel uitkom nie. Vra dus die Here of Hy jou wil help om teen die ongeloof te veg. Want dit is tog uiteindelik wat dit is: ongeloof. En soek jou ondersteuning ook verder by Hom: laat sy Woorde op jou inwerk. Laat jou deur die Heilige Gees oortuig van die waarheid van die evangelie.

Jy kan jou geloof verloor. Moet dus nie glo in jou eie geloof nie. Maar glo in die Here. Slegs Hy kan daarvoor sorg dat ons Christus nie verloor nie. Dit mag jy glo. Vas en seker.

Die plek van seksuele opvoeding van die jong kind (1)

JJD Baas

Ons lewe in 'n tyd waarin allerhande sake oor opvoeding in diepte bespreek word. Ons praat baie met ons kinders. Dit is nou eenmaal deel van die tyd waarin ons lewe. Alles moet beredeneer word. Hoekom maak pappa en mamma so? En hoekom mag jy dit nie doen nie, maar die ander ding wel? Ons lewe in 'n wêreld waar baie gespraak word.

En dit is 'n goeie saak. Maar mens moet ook partymaal kan sê: 'Jy moet dit doen, omdat ek so sê!'

Nie alle onderwerpe is ewe maklik bespreekbaar met jou kinders nie. Ek dink veral aan sake op die gebied van seksualiteit. Dit wil voorkom asof alle taboes in ons tyd eenkant toe geskuif word. Dit kos baie ouers moeite om openlik hieroor met hul kinders te praat.

Hoekom is dit so? Hoekom skroom ons om normaal met ons kinders oor hierdie dinge te praat? Ek wil in twee artikels, behalwe enige algemene sake betreffende die seksuele opvoeding van ons kinders, veral die aandag vestig op die seksuele opvoeding van die jong kind (tot 12 jaar oud).

Oorsake

Wat sou tog die oorsaak daarvan wees dat dit vir ons so moeilik is om openlik met ons kinders hieroor te kan praat? Ek het probeer om 'n paar oorsake op te som:

- a. Baie ouers is nie self deur hulle ouers ordentlik ingelig nie. In hulle jeug is hierdie

Solank as wat 'n singende kerk 'n singende jeug het, so lank sal die geloof altyd die beste verwag

- J Kamphuis

onderwerp skaars aangeraak. Omdat jy self skaars of glad nie ingelig is nie, weet jy as ouer ook nie hoe om dit te hanteer om met jou kinders daarvoor te praat nie. Maar as jy as gevolg daarvan ook aan jou kinders te min leiding gee, sal jou kinders eendag weer dieselfde probleem as ouers teenoor hul kinders hê.

- b. Seksualiteit betref die intiemste van jou omgang met iemand anders. Jou beleving vind deels in die verborgene plaas. En dis hoe dit hoort. In Levitikus 18 lees ons 'n aantal reëls oor die bedekking van skaamte. Dit staan lynreg teenoor die skaamtelose tentoonstelling van die liggaam in advertensie en TV programme in ons tyd. Wat intiem is, moet ook intiem bly. Die seksualiteit behoort grotendeels tuis binne die intimiteit van die huwelik. Daarmee kan ons nie fout vind nie. Wanneer jy met jou kinders praat oor seksualiteit, dan praat jy oor baie intieme sake. (Dit is wat dit terselfdertyd ook so spannend maak om sommerso met jou kind daarvoor te begin praat.)
- c. 'n Derde probleem met die seksuele opvoeding van ons kinders is waarskynlik daarin geleë dat ons hierdie deel van die opvoeding te veel afsonder van die res van die opvoeding. Ons soek 'n spesiale geleentheid om 'n slag met ons kind hieroor te praat. En dit skep dan al gou 'n buitengewone atmosfeer.
- d. Die vierde moeite lê opgesluit in die feit dat seksualiteit ons gevoelens raak. Ons moet dan oor ons gevoelens praat. En dit is juis nie vir ons maklik om openlik daarvoor te praat nie. Ons het moeite daarmee. Hoe kan jy jou kinders laat verstaan hoe jy voel oor 'n bepaalde gebeurtenis?
Ons leef nog steeds in 'n kultuur waarin huil 'n teken van swakte is. Daarom word byvoorbeeld gesê 'n man mag nie huil nie. Dit bly in ons kultuur nog taamlik moeilik om te sê wat ons die diepste raak.
- e. Ten slotte sou ons eie visie op seksualiteit moontlik 'n belemmering kon wees. Wat is eintlik ons eie sig op seksualiteit? As ons

eie beeld daarvan verkeerd is, byvoorbeeld 'dit is iets vuils, dis sonde' of iets dergelyks, dan sal dit 'n positiewe gesprek daarvoor belemmer.

In die vervolg van die artikel sal nader op hierdie punte ingegaan word.

God het juis daardie saadseel, tussen die miljoene ander, na daardie spesifieke eiersel geleë.

Hoe sien ons ons kinders?

Dit is van groot belang in die lig van die totale opvoeding, hoe ons ons kinders sien. Daarom wil ek eers die aandag hiervoor vra, in die belang van die vervolg van hierdie artikel.

Dink so 'n paar minute oor die volgende vraag: Hoe sien jy jou kind? Maak toe u oë en dink daarvoor... en wees eerlik!

Sien jy jou kind as 'n geskenk van God? Of is dit net my trots, waar niemand iets van mag sê nie. Of is jou kind veral 'n oorlas en gee dit net probleme? Voel dit asof ek al my energie met my kind opgebruik? Of is my kind my gelyke, met wie ek alles op gelyke voet bespreek?

Ek dink dat ons in die eerste plek daarvan moet uitgaan om ons kinders te sien as kinders van God. En wat beteken dit konkreet vir die opvoeding van elke dag? Dit beteken in elk geval van ons kant af verwondering. Want is dit nie 'n groot wonder dat ons kinders, kinders van Hom mag wees nie? Hy het hulle aanvaar soos hulle is. Mens kan dit nog sterker sê: Hy wou hulle self hê, net soos hulle is!

Want Hy was immers teenwoordig toe die saadseel van die man die eiersel van die moeder binnegedring het om 'n nuwe lewe te begin. Hy het juis daardie saadseel, tussen die miljoene ander, na daardie spesifieke eiersel geleë. Daaruit het u kind ontstaan met daardie spesifieke eienskappe wat geen ander kind ter wêreld het nie. As mens hierby stilstaan, raak jy diep onder die indruk. Die magtige God, die Vader van ons kind!

Waar danksegging erkenning is van God vir wat Hy skenk, is aanbidding erkenning van God vir Wie Hy is

- JP Versteeg

Maar dink nou bietjie verder: U het self ook op daardie manier ontstaan, en u eggenoot, en u ouers ensovoorts. As jy goed daarvoor nadink sal dit jou kop laat duisel. So sien jy dat die Here God die pad gelei het na ons en ons kinders. Dit is sy wil dat u hier sou wees, en u kind, om vir Hom te lewe en ewig by Hom te wees.

Laat ons probeer om in verwondering na ons kinders te kyk. Met 'n dankbare blik boontoe.

Dit maak dat ons meer ontspanne kan wees ook as kinders moeites gee by die opvoeding. Tog moet ons in verwondering bly sê: Dit is sy kind, 'n Godsgeskenk! As jy dit so kan sien is dit baie makliker om jou moeites in die opvoeding voor Hom neer te lê. Waar beter as by Hom!

Net soos jy jou kind die omgang met die Here voorhou, of jou kind leer om met ander mense om te gaan, net so moet die kind ook leer om met homself om te gaan

Dit is ons opdrag om daardie geskenke van die Here nou ook vir Hom op te voed. Uit jouself sou jy nooit hiertoe in staat wees nie. Maar gelukkig, die God wat sy verbond met ons kinders en met ons gemaak het, laat ons ook hierin nie aan ons lot oor nie. Hy wil alles in werking stel sodat die kinders vir Hom sal opgroei. Daarom het Hy ook hulp belowe aan die ouers: die Heilige Gees.

En die Gees kan sy werk net doen as die opvoeders die Woord in hulle lewe toelaat. Daardie Woord moet in die gesinne kan deurstrom. Dan kan die Gees in die harte van die kinders werk. Dit hou in dat ons in ons gesinne erns moet maak met die lees van die Bybel. En nie slordig daarmee omgaan nie, maar saam in alle erns buig oor die Woord terwyl ons Bybellees na ete. Probeer as Bybelleeser onder woorde bring wat jy gelees het. Vra jouself af wat dit in die algemeen beteken, en verkieslik ook wat dit vir jouself beteken! Dit sal voorbereidingstyd kos, maar dit is die investering werd. Laat ons ook daarop let dat ons self met 'n positiewe instelling kerk toe gaan. Want of daar nou liturgiese

veranderings is of nie, dit is en bly die plek waar ons die Here van ons lewe ontmoet. Waar Hy ons wil voed met sy Gees. Die plek waar Die Lewe bekombaar is!

Hy wil hê dat ons moet kom, is dit nie al voldoende rede om dan met blydskap soontoe te gaan nie?

Ons kinders doen baie dinge verkeerd. Ons kom agter dat ons gereeld met hulle moet raas..... Maar is ons self soveel beter as hulle? Maak ons nooit meer foute nie? Moenie dat ons ooit vergeet dat die een sondaar die ander sondaar opvoed nie!

Sowel die opvoeder as die kind lewe alleen maar danksy God se genade. Dan is dit gepas om kwaad te wees by ongehoorsaamheid, want jy wil immers jou kind op die regte pad hou. Maar daardie kwaad-wees moet 'bo die saak' staan. Ons moet tydens daardie kwaad-wees nie vergeet dat ons self ook nog baie foute maak nie. En dat ons self ook net verder kan gaan omdat God ons nie straf volgens ons sondes nie.

Probeer die kinders veral positief te benader. Ons is geneig om kinders tereg te wys as iets fout is. Maar hoe dikwels gee ons 'n positiewe terugvoering as hulle iets goed gedoen het?

'n Positiewe opvoedingsklimaat by die huis is van wesenlike belang vir die seksuele opvoeding. 'n Goeie, oop geloofsverhouding tussen u en u kind sal die opvoeding positief beïnvloed. Dit is hoekom ons uitgebreid daaraan aandag gegee het.

Nie losmaak nie

Seksuele opvoeding moet liever nie van die gewone opvoeding losgemaak word nie. Dit het 'n plek in die totale opvoeding van u kind. Net soos jy jou kind die omgang met die Here voorhou, of jou kind leer om met ander mense om te gaan, net so moet die kind ook leer om met homself om te gaan. Want dit is 'n belangrike deel van seksuele opvoeding: leer omgaan met jouself. Met jou liggaam, met jou hele wese.

So moet seksuele opvoeding 'n plek hê in die totale opvoeding. Verkieslik nie op so 'n manier nie: "Luister boetie, kom sit nou bietjie hier, pa wil iets

As God jou Vader is, kan die duiwel niks meer aan jou doen nie

- M Luther

belangrik met jou bespreek“. Dan maak jy seksualiteit iets besonders, iets buitengewoon.

As u daaraan gewoond is om met u kind oor allerhande opvoedkundige sake te praat, dan sal u kind nie snaaks opkyk as seksualiteit ook ter sprake kom nie. Seksualiteit is buitendien deel van so baie ander opvoedkundige aspekte. Dit het te doen met jou geloof, dit het te doen met jou omgang met ander. As ons daardie onderwerpe ernstig met ons kinders bespreek, dan sal seksualiteit outomaties daarby ter sprake kom.

(Opvolg)

In 'n volgende artikel sal dit gaan oor ons houding ten opsigte van seksualiteit en wie wat vertel.

Hantering van kritiek

JR Beeke

(Hierdie artikel gaan spesifiek oor die hantering van kritiek deur predikante, maar dit is ook in die algemene geldig vir alle gelowiges.)

Hier is 'n paar riglyne om kritiek te kan hanteer sonder dat dit ons pessimisties maak:

1. Beskou kritiek as onvermydelik. In 'n onlangse studie het 81% van Amerikaanse predikante gesê dat hulle vyandige kritiek ervaar het. Vyf en twintig persent het gevoel, dat om kritiek te hanteer die moeilikste probleem van die bediening is. Dit is sinneloos om te dink dat jy kritiek in die bediening kan vermy. Indien jy God se hele raad bedien, soos wat jy moet doen, dan gaan jy verseker 'n teiken word vir kritiek. Jesus sê immers in Lukas 6:26: “Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat.” Verwag kritiek; moenie daardeur platgeslaan word nie.
2. Oorweeg die motief. Dit is in die eerste plek krities belangrik om goed te luister. Moenie slegs die feite probeer kry nie, maar vra ook: Hoor en verstaan ek die kritiek reg en heeltemal akkuraat? Het ek die regte probleem gehoor en nie slegs 'n simptoom van iets diepers nie? Onopgeloste woede, depressie, veranderings in lewenssituasies, frustrasie in verhoudings, jaloesie, verpletterde verwagtings en ontevredenheid met kerkwerk kan alles lei tot kritiek. Vra jouself dus: “Het die persoon wat my kritiseer 'n geldige motief, of is dit 'n indikasie van iets anders? Byvoorbeeld, geniet die kritikus dit om fout te vind omdat dit hom op een of ander manier superieur laat voel?” As jy die persoon se motief verstaan, sal dit jou help om beter te reageer en die kritiek beter te hanteer.
3. Oorweeg die bron. Wie kritiseer jou – 'n ampsdraer, 'n persoon volwasse in die geloof, 'n jong gelowige, 'n ongelowige, 'n hoogs-kritiese individu of 'n randgeval van die kerk? James Taylor skryf: “Die wat kritiseer is gewoonlik daardie op die rand, wat terugstaan en doof is vir

Laat ons nie sukses as die norm gaan hanteer nie, maar die weg van gehoorsaamheid bewandel

- P Jongeling

elke appél vir diens.” Kritiek van sulke persone verdien selde gehoor of verandering of enige ander energie-investering van jou kant af.

Aan die ander kant, as die kritiek kom van 'n persoon wat volwasse in die geloof is, of van 'n ampsdraer wat gewoonlik ondersteunend is, moet jy dit ernstig oorweeg en dan sal jy dikwels vind dat daar waarheid in steek en verandering van jou vra. Meer nog, jy moet konstruktiewe evaluasies van sulke persone aanmoedig. Dit geld oor die algemeen dat hoe meer jy opbouwende kritiek verwelkom, hoe meer vind jou bediening en verhoudings met ander baat daarby.

5. Oorweeg die konteks. Die fisiese opset, tydsberekening en die situasie van waaruit die kritiek kom, mag ons help om te bepaal of die kritiek van hulp is of nie. 'n Algemene reël is: moenie op kritiek reageer vir ten minste vier en twintig uur nie. Dit gee jou tyd wat jy kan spandeer aan gebed, evaluering van jou gevoelens, gedeeltelike verwerking van die gevoel dat jy seergemaak is en die inroep van ander wat jy respekteer, se wysheid.

Om te haastig die oplossing van sake te forseer, kan 'n slegte situasie vererger. Sommige situasies sal slegs positief verander met die genesende krag van tyd. Die waarheid het 'n manier om homself uiteindelik te laat geld. Lukas 21:19 sê: “Deur julle lydsaamheid moet julle jul lewe in besit kry.”

6. Oorweeg jouself. Kritici is dikwels God se geskenk aan ons om ons te beskerm van selfvoldane en selfvernietigende neigings. Die Heilige Gees gebruik ons kritici om ons te keer om onself te regverdig, te verdedig en te verhef. Alhoewel kritici gereeld hulle saak oordryf en selde heeltemal reg is, is hulle wel gereeld gedeeltelik reg.

Vra jouself: “Reageer ek gepas op kritiek?” Onthou, diegene met 'n oor vir Christus leer om ook 'n oor vir ander te hê. Wanneer jy vind dat jy gereeld geringgeskat, verwaarloos en mishandel voel, moet jy jou gevoelens met

agterdog bejeën. Laat jouself toe om meer kwesbaar te wees. Kla minder deur te oorweeg hoe min kritiek jy in werklikheid ontvang – en dit terwyl jy totaal onwaardig is in vergelyking met Christus.

Vind 'n paar 'vennote' wat verantwoordelik jou reaksies kan monitor. Soek na die moed en wysheid wat nodig is om die kors om jou eie ek binne te dring. Moenie bang wees om te sê: “Ek was verkeerd; sal jy my vergewe?” nie.

4. Oorweeg die inhoud. Jy kan waardevolle lesse omtrent jouself van kritici leer. Wees dankbaar daarvoor. Sommige van ons beste vriende is diegene wat liefdevol, openlik en intelligent van ons verskil. “Die wonde deur een wat liefhet, is opreg bedoel” (Spreuke 27:6). Nuttige kritiek is soos goeie medisyne.

David Pawlison het geskryf: “Kritici, soos regerende owerhede, is diensknegte van God aan jou ten goede (Romeine 13:4). Hy wat binne in harte kyk gebruik kritici sodat ons self dinge raaksien: volkome gebrek aan geloof en uitlewing, verwronge eensydighede, blinde kolle, areas van verwaarlosing, houdings en aksies wat teenstrydig is met gestelde oortuigings en ja, mense wat ook sterk punte en betekenisvolle bydraes raaksien”.

**Die krag van die prediking is die grootste krag
vir reformasie in die kerk**

- HC Hanko